| 8 November | NG Gemeente Kogelberg | 2024 |
|---|---|---|

# Eerste Gelui

## NUUS VANUIT DIE GEMEENTE



## SONDAG 10 NOVEMBER SE EREDIENSTE

| **09:00** | **09:00** | **09:30** |
|---|---|---|
| *Hangklipkerk* | *Kuierkerk* | *Kleinmondkerk* |
| Ds. Leopold van Huyssteen | Ds. Louis Fourie | Ds. Jannie Hougaard |

DRAERS VAN | VERSKILMAKERS MET | AMBASSADEURS VAN
LIG | DEERNIS | HOOP
NG GEMEENTE KOGELBERG
ROOIELS | PRINGLEBAAI | HANGKLIP | BETTYSBAAI | KLEINMOND | ARABELLA

Kleinmondkerk se diens word op Kieskerk geplaas. Die skakel na Kieskerk:

https://kieskerk.com/ng-gemeente-kleinmond/






# JY IS 'N ERFGENAAM

Erediens
10 November 2024
Hangklipkerk
Pillansiaweg 2
Bettiesbaai




**Heb. 9:24-28**

**Leopold van Huyssteen**

SnapScan **Gebruik gerus die SnapScan-opsie om jou offergawe te gee.**

DEUROFFERS

Die deuroffers hierdie week is Diens van Barmhartigheid. Op 17 November is dit vir ***Instituut vir Dowes.***

## Program vir die week

| | | |
|---|---|---|
| **Maandag 11 November** | | *Caritas Evalueringsvorms by die Kerkkantoor* |
| | **18:00** | Kuierkerk Wyksraad |
| **Dinsdag 12 November** | **16:30** | Kleinmond Gebedsgroep (Kapel) |
| | **18:00** | Getuienis (Kapel) |
| **Woensdag 13 November** | **15:00** | Hangklip Wyksraad |
| | **18:00** | Meditasiediens |
| **Donderdag 14 November** | **08:30** | Eko-groep: Skoonmaakdag te Fairy Glen |
| **Saterdag 16 November** | **09:00** | Manne-ontbyt (Hangklipkerk) |
| | **11:30** | Funksie vir die Tagtigers (Kerksaal) |



## *Innige simpatie*

*Dit is met leedwese dat ons verneem van die afsterwe van Eva Wilmans (KP2) op die ouderdom van 95 jaar. Ons dink aan haar familie en vriende in hierdie moeilike tyd.*

### *Ons dink aan elkeen wat siek is en hou hul in ons gebede...*

*André Gresse (HK3), dr. Ryk van Velden (Sa4), Piet Louw (Sa2), Mike Moller (HK2), Wessel Coetzee (Sa4), Christa Steenkamp (Sc2), George Edwards (Sc4) en Maria Human (Sa3).*
*Ons vertrou saam met Christa Fick (PM3) vir 'n geskikte skenker van 'n nier.*


## Ons leraars se kontakbesonderhede

**Ds. Heinrich Carstens**
*083 566 1490*
heinrich@ngkogelberg.co.za

**Ds. Leopold van Huyssteen**
082 707 0676
leopold2493@gmail.com

**Ds. Kirsten Small**
*079 296 2431*
kirsten@ngkogelberg.co.za

# Caritas

## KERSBOKS-BEDIENING

Ons wil graag hierdie jaar 'n paar lekker bederf-produkte in ons Kersbokse pak om gesinne gedurende die feestyd te seën.

Ons benodig nie-bederfbare produkte soos blikkies ingelegde vrugte, vla, koekies, of enige iets wat jy voel kan bydra tot die Kersboks. Plaas asseblief jou bydrae in die houers by enige van ons drie bedieningspunte teen Woensdag 4 Desember 2024.

Baie dankie by voorbaat vir jou ondersteuning!
Vir enige navrae kontak Belinda - 082 856 6772

*Laat julle lig só skyn... Getuienisaksie*

**'n Hand uitsteek na ons eie gemeenskap**

Ekstra briefies is beskikbaar by die deure of in die Kerkkantoor vir die wat dit verlede week gemis het.

Plakkers (wit of swart) by die kerkkantoor beskikbaar teen R10 elk.

Geloof |Hoop| Liefde

**Wyksbyeenkomste 2024**

*Neem kennis dat die laaste geskeduleerde Wyksbyeenkomste van  2024 onderling deur die wyke self gereël word.*









## Basaar was ‘n fees van kos, musiek en kuier

BETTYSBAAI – As net kuier die oogmerk van verlede Saterdag se Hangklip-basaar was, het die volgepakte tafels op die verhoog en oral waar daar ’n plekkie was bewys geleweer dat die geleentheid ‘n groot sukses was. Maar daar is ook flink sake gedoen met die verkoop van pannekoek, boepensbroodjies, basaarpoeding, potjiekos, hamburgers, boeries, roosterkoek en tuisgebak.

Produkgetalle is vir vanjaar verhoog, maar het nog steeds vinnig uitverkoop, vertel JC Hanekom, voorsitter van die Hangklip-fondsegenereringskomitee. Daar was darem tot die einde pannekoek, al is daar meer as 1100 verkoop. Meer as 500 koppies koffie en tee, wat gratis was, is geskink.

Die Wit Olifant-tafel het besonder baie aandag getrek, veral toe mense besef het dat daar tussen die ou ketels, huishoudelike toerusting en so meer ook kosbare versamelstukke van oor die honderd jaar oud was. Roline Campher, organiseerder van dié tafel, sê die voorraad wat hulle gehad het, was die rede vir die sukses wat hulle behaal het en daarvoor kan sy skenkers nie genoeg bedank nie. Die oulike advertensies wat met behulp van die bedieningsbestuurder, Joke Venter, opgestel is, het goeie vrugte afgewerp. Sy was ook vol lof vir die span wat by die tafel diens gedoen het.

Volgens Elseline Rörich het die tuisgebak baie aandag getrek met lieflik versierde koeke, kolwyntjies, koeksisters, broskoek, soutterte en kaasstokkies. Hoewel die gemeente ’n span het wat sorg dat daar genoeg varsgebakte koek op basaardag beskikbaar is, was daar ook baie gemeentelede wat met verrassings vorendag gekom het.

Dit was nie net kindervermaak by die kettieskietkampioenskappe onder ’n bedoeïentent agter die kerk nie. Teen die einde moes daar onder die groot mans uitgeskiet word om die wenners van die drie pryse te bepaal. Die kampioen was Robbie Robberts, met Keith Turnbull tweede en Imar Krige derde. Volgende jaar sal daar dalk twee of meer skietbane voorsien moet word. Gesigverf is nog net so gewild as tevore en prinsesgesiggies was veral in aanvraag, volgens Janine Hechter.

Die lekker lewende musiek van die Gawe Neefs – Sedrick Taljaard, Serfie Potgieter, Giel Maree en Dolf Scheepers - op trekklavier, kitaar, tromme en mondfluitjie is met lekker boeremusiek uit die klankkas afgewissel en het vir ’n heerlike atmosfeer gesorg.

Ds. Leopold van Huyssteen het Sondag by die erediens bekend gemaak dat dit ’n geseënde geleentheid was en dat die basaar ‘n opbrengs van meer as R100 000 gelewer het.

# Hangklip Kuierbasaar

2024-11-02












Koeksisters






Draers
van Sy







# Vrouediens-afsluiting

## 2024-11-05



# Vrouediens-afsluiting

2024-11-05



























# Vrouediens-afsluiting

2024-11-05





























**NOVEMBER**
**14**



Eko- bediening

# SKOONMAAK EN KOFFIE
# FAIRY GLEN

Kom ondersteun asseblief ons laaste skoonmaak-aksie vir die jaar op **14 November.** Ons drink saam koffie na ons skoongemaak het.

Datum: **Donderdag, 14 November 2023**
Tyd: **8:30 - 10:00**. Sakke, handskoene en penne word verskaf.
Plek: Fairy Glen omgewing - Ons vergader by die parkeerterrein.

**Bring asb 'n beker/koppie saam vir die koffie**

Navrae/Enquiries: johan.hendrikz@gmail.com

# KERKKANTOOR

## ure

| | |
|---|---|
| **MAANDAG** | 10:00 - 13:00 |
| **DINSDAG** | 10:00 - 13:00 |
| **WOENSDAG** | 10:00 - 13:00 |
| | 16:00 - 18:00 |
| **DONDERDAG** | 10:00 - 13:00 |
| **VRYDAG** | GESLUIT |

## KONTAKBESONDERHEDE

***Bedieningsbestuurder: Joke Venter***

028 271 3470 info@ngkogelberg.co.za

Whatsapp: 076 134 7157

***Saakgelastigde: Elizna Hogan***

028 271 3268 fin@ngkogelberg.co.za

***Koster: Danie de Vaal***

083 670 4290

## 9 November

Thomas Bosman 084 711 9999 (Sc1)

Thys du Toit 083 414 6909 (KB2)

Fanie Jordaan 060 564 6466 (KB5)

Nicolette Louw 082 886 8672 (PB1)

Herman Swanepoel 083 414 2469 (Bb 1)

John Triblehorn 066 107 2838 (Bb 3)

Leon Truter 082 477 1233 (PM1)

# Veels Geluk!

## 10 November

Elize Botes 072 576 3752 (Sc1)

Jeanne Burton 082 430 3827 (KB4)

Wikus Celliers 082 446 1749 (PB2b)

Annabel Louw 073 921 2422 (Sb4)

Kobus Nortje 083 285 7499 (HK3)

Strauss Odendaal 082 415 2837 (Sa3)

Wilna Rademeyer 076 868 1535 (BB1B)

Daniel Steenkamp 083 256 1267 (BB2)

Carlene Steinmann 072 308 1137 (Sa3)

Ingrid Ungerer 071 317 5422 (PB2a)

Johann van Niekerk 083 234 9335 (HK3)

## 11 November

Laticia Acker (Bb 2)

Kian de Jong (KB1)

Briand Louw (BB2)

Louise Meyer 083 444 3551 (Bb 1)

Martin Mostert (PB3)

Chris van Altena 082 854 6018 (Sa1)

# Verjaarsdae

## 12 November

*Merle Foot 082 772 2764 (BB3)*
*Annatjie Swart 073 701 2216 (Sa2)*
*Marieda Visser 083 627 0731 (KB5)*

## 13 November

*Anna-Marie du Preez 082 303 1466 (Sb4)*
*Hestie Endrödy 082 853 7936 (Ba1)*

## 14 November

*Surette Botha 082 372 4072 (BB4)*
*Ferdie Colyn 072 092 3303 (Sc1)*
*Anna-Marie du Plessis 084 455 5155 (BB5)*
*Wanie Jordaan 079 931 0369 (Sa2)*
*Ellen Louw 083 406 9116 (BB2)*

## 15 November

*Zachi de Beer 082 771 1311 (HK1)*
*Anna Kleynhans 076 682 1945 (Sa4)*
*Maretha Mouton 078 232 7752 (PM1)*
*Johan Nieuwenhuis 072 976 2177 (Bb 3)*
*Lourens van der Merwe 083 636 0744 (Sa1)*




**Mens tot mens**

1. Gesels met mekaar oor dié goed wat jou wiele pap maak.
2. Ken jy iemand wat te midde van slegte omstandighede steeds dankbaar en vol lof leef? Vertel vir die ander meer van hierdie persone en hoe hulle jou laat voel.

**Mens tot God**

1. Luister saam as groep na Anneli van Rooyen se lied "*Nogtans sal ek sing*" en laat iemand wat haar verhaal ken dit met julle deel. Of gaan na https://maroelamedia.co.za/vermaak/musiek/nogtans-sal-anneli-sing/ om hieroor te lees.

**God tot mens**

1. Kyk saam na die video 2024.11.10 - Lof in gebrokenheid op ons gemeente se YouTube-kanaal by https://youtu.be/n7IW_0HjPZ0

2. Lees nou Filippense 1:20-26
   *20 Dit is my vurige verlange, en daarna sien ek uit, dat ek niks sal doen waaroor ek my sal hoef te
   skaam nie. Ek wil ook nou, soos nog altyd, met alle vrymoedigheid deur my hele wese Christus
   verheerlik in lewe en in sterwe, 21 want om te lewe, is vir my Christus, en om te sterwe, is vir my
   wins. 22 As ek in die lewe bly, kan ek voortgaan met vrugbare arbeid. Wat ek moet kies, weet ek
   nie. 23 Ek is in 'n tweestryd: ek verlang daarna om heen te gaan en met Christus te wees, want dit
   is verreweg die beste; 24 maar in julle belang is dit noodsaakliker dat ek bly lewe. 25 Omdat ek
   hiervan oortuig is, weet ek dat ek sal bly, ja, vir julle almal behoue sal bly, sodat julle kan toeneem
   in geloof, en blydskap in julle geloof kan hê. 26 As ek weer by julle kom, sal julle oorvloedige rede
   hê om Christus Jesus oor my te prys.*

3. Hoe groot - dink julle - was Paulus se probleme?

4. Hoekom sou "om te sterwe" vir Paulus so aanloklik gewees het?

5. Met watter probleme of in watter omstandighede sien jy nie meer die lig nie? In watter situasies lyk uitkoms vir jou onmoontlik? Deel en gesels met mekaar hieroor.

6. Wat het vir Paulus die lewe die moeite werd gemaak? Loer veral na vers 21 en 24.

7. Wat sou Paulus bedoel het met die woorde "want om te lewe, is vir my Christus"?

8. Op watter maniere - dink julle - het Paulus "Christus verheerlik in lewe en in sterwe"?

9. Hoe het die gelowiges in Filippi by Paulus se siening gebaat?

**Mens tot medemens**
1. Waaraan kan julle alles dink wat ons kan doen om ander mense se blydskap te laat toeneem te midde van die uitdagings - of gebrokenheid - in hulle lewe?
2. Dink aan iemand wat stukkend, gebroke of seer is... Bid nou vir daardie persoon of omstandighede en besluit dan saam as groep hoe julle hierdie persone kan ondersteun en help groei in blydskap te midde van die uitdagings

**Mens tot God**
Vra die Here om julle te help om te midde van gebrokenheid altyd op Hom te bly fokus en Hom te verheerlik.

**Afsluiting**
Bely weer saam ons reeks se geloofsbelydenis:

*Omdat ons in Jesus glo... is ons anders... kyk ons anders... en leef ons anders*

**Die week**
Lees gerus die volgende teksgedeeltes uit die Woord en oordink dit hierdie week:
- Maandag 11 November - Nogtans! - Habakuk 3:17-19
- Dinsdag 12 November - Feesklere? - Psalm 30:12-13
- Woensdag 13 November - Selfs in die tronk - Hand 16:19-25
- Donderdag 14 November - Minder van myself - Matt 5:3-4
- Vrydag 15 November - Ek is breekbaar - 2 Kor 4:7
- Saterdag 16 November - Praat met jouself - Psalm 103